# NG GEMEENTE PRETORIA-FAERIE GLEN

*'n Gasvrye gemeente waar oud en jonk saam gevorm word om God te verheerlik en vir ewig te geniet*

# AANKONDIGINGS VAN 28 APRIL – 5 MEI 2024

## PROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 28 April | 09:00 | Erediens (Nagmaal) – Dr Dieter de Bruin |
| | 10:00 | Kategese |
| Woensdag 1 Mei | | Openbare vakansiedag: Werkersdag |
| Sondag 5 Mei | 09:00 | Erediens – Dr Dieter de Bruin |
| | 10:00 | Kategese |

## VERJAARDAGWENSE VIR LIDMATE

Dit is 'n aangename voorreg om die lidmate wat van **28 April – 4 Mei** verjaar, van harte geluk te wens met die herdenking van hulle geboortedae. Die gemeente se wens is dat die nuwe lewensjaar gevul sal wees met vreugde, vrede en goeie gesondheid.

| | |
|---|---|
| 28 April | Estie van der Schyff |
| 01 Mei | Marie Roets |
| 02 Mei | Kobus Tait |
| 04 Mei | Johann Müller |

## KERKRAADSVERGADERING

'n Kerkraadsvergadering vind plaas op
Woensdag 8 Mei 2024 om 17:00 in die konsistorie.
Die gemeente se voorbidding vir die vergadering word gevra.

**Winterklereprojek**

Gemeentelede is reeds gewoond daaraan om elke jaar voor die aanvang van die winter herinner te word aan ons gemeente se winterklereprojek. Vanjaar is geen uitsondering nie.

Laerskool Garsfontein het 'n klerewinkel vir tweedehandse klere waar veral behoeftige leerders eers kan aanklop. Indien hulle nie volledig daar geholpe kan raak nie, moet nuwe skoolklere volgens behoefte aangeskaf word. Dit is hier waar ons fondse aangewend word.

Dit sal hoog op prys gestel word as u dit in u hart kan vind om 'n bydrae vir hierdie doel te maak. Daar is geen minimum of maksimum bedrag wat gevra word nie - slegs waarvoor u (en u bankbalans!) kans sien. Ons kon in die verlede al tot R16 000 insamel, hoewel dit maar van jaar tot jaar wissel.

Die maatskaplike werker by die skool hanteer die geldsake en hou my op hoogte van sake. Sy hou boek van alle uitgawes. Ek vertrou dus dat u weer, soos nog elke jaar, weer u beursies en harte sal oopmaak vir hierdie projek. Dui asseblief aan waarvoor die bedrag is wanneer u geld oordra.

*Bankbesonderhede:*

Rekening naam: Ned Geref Gemeente Pretoria-Faerie Glen

Bank: ABSA Hatfield

Tak: 335 545

Rekening nommer: 540 580 472

Ek bedank u by voorbaat.

Gerna Kriel

(082 694 1138)

## *PINKSTER 2024*

Ons nooi almal uit na ons Pinkster reeks wat aangebied word deur Dr James Kirkpatrick. Dit begin Sondag 12 Mei om 09:00 en 13 – 16 Mei sal daar vanaf 15:30 sop en broodjies bedien word in die moederskamer, die dienste begin 16:30 in die konsistorie.




## *LIEFDESMAAL 26 MEI 2024*

Gepaardgaande met ons Nagmaalvierings skep ons geleentheid om as gemeente na afloop van die Nagmaal saam te kuier en 'n ligte ete te geniet.

Op 26 Mei vier ons weer Nagmaal. Ons versoek dat lidmate wat hierdie liefdesmaal gaan bywoon hul name op die lys sal skryf in die voorportaal sodat ons 'n aanduiding het van die aantal mense waarvoor ons voorbereidings moet tref.

Ons vra dat u u eie eetgerei, borde, glase, beker en drinkgoed saambring.
Koffie en tee sal beskikbaar wees.
Daar sal 'n houer vir donasies beskikbaar wees om ons te help om die onkostes te dek.

Garsfontein
GEMEENTE

# Garsfontein Basaar

NG GEMEENTE
GARSFONTEIN
EMMIE HARTMANN
STRAAT 285
012 361 3618
072 701 9385

## 4 Mei
## 9vm - 2nm

| | | |
|---|---|---|
| PANNEKOEK | TOMBOLA | TEETUIN |
| WORSBROODJIES | NAGEREG | VETKOEK |
| TUISGEBAK | “ARTS EN CRAFTS” | VARS GROENTE EN VRUGTE |
| ROOMYS | HAMBURGERS | KERRIE EN RYS |
| WIT OLIFANT | HANDGEMAAKTE ITEMS | LEKKERGOED |
| SPELETJIES EN SPRINGKASTEEL | SPIT | PERDRY |

# BOBBY
## VAN JAARSVELD



## 11 MEI
## 19:00

R110 pp
(kinders 0/3 gratis
op ouer se skoot)
Kosstalletjies vanaf 17:00
Deure open 18:00

**Bespreek NOU by itickets.co.za**

LUX MUNDI
685 FLORIS, GARSFONTEIN